

16 Dae van Aktivisme teen Geweld teen Vroue en Kinders | Tweede Sondag van Advent | 6 Des. 2020 | Lukas 18:1-8 | Deur Rethie van Niekerk

1. FOKUSTEKS: LUKAS 18:1-8

Jesus het vir hulle 'n gelykenis vertel om duidelik te maak dat 'n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word. ²Hy het gesê: “In 'n sekere stad was daar 'n regter wat geen eerbied vir God of agting vir 'n mens gehad het nie. ³En in dieselfde stad het 'n weduwee gewoon wat hom herhaaldelik kom vra het: ‘Doen aan my reg in my saak teen my teenparty.’ ⁴'n Tyd lank wou hy nie, maar later het hy vir homself gesê: Vir God het ek wel geen eerbied nie, en aan 'n mens steur ek my nie, ⁵maar aangesien hierdie weduwee so aanhou om my lastig te val, sal ek haar in haar regspraak help, anders kom klap sy my op die ou end ook nog.”

⁶Toe sê die Here: “Hoor wat sê die onregverdige regter. ⁷Sal God dan nie aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom roep, reg doen nie? Sal Hy hulle lank laat wag? ⁸Ek sê vir julle: Hy sal hulle help, en gou ook!

“Maar sal die Seun van die mens by sy koms nog geloof op die aarde vind?”¹

2. EKSEGETIESE OPMERKINGS

Teks

Lukas 18:1-8 word ingelei as 'n gelykenis oor moedige gebed, waarvan dit beweeg na 'n storie oor geregtigheid en eindig met 'n vraag oor geloof.

Die perikoop is ook die onderwerp van lang debatte oor oorlewering en redaksionele kommentaar. Annette Merz verwys daarna as “an evolved text” met “controversial interpretations” en gee 'n omvattende oorsig oor die interpretasiegeskiedenis. So beweer sommige Nuwe Testamentici dat verse 1 en 6-8 Lukas se kommentaar is, terwyl verse 2-5 dan pre-Lukaans is. Daar blyk egter relatiewe konsensus te wees dat verse 2-5 die kern van die gelykenis is (Levine).

¹ Anon, 1998. [Die Bybel Nuwe Vertaling](#) electronic ed., Cape Town, South Africa: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Verder is dit belangrik om te onthou dat gelykenisse ten doel het om die luisteraars / lesers se bestaande wêreldbeeld uit te daag. Of, in die woorde van Sharon Smith, om luisteraars ongemaklik te maak. "For the parable to do its work, for it to challenge all our views rather than reinforce normative gender and class constructs, another look ... is necessary" (Levine).

Vir ons doeleindes gee ons aandag aan enkele relevante sake in die teks:

Weduwee

Die karakter met moontlik die meeste potensiaal om ons huidige verstaan van die wêreld bietjie te skud, is die weduwee.

Konvensionele wysheid wil dit hê dat weduwees in die Bybel – en dus ook hierdie weduwee – simbole is van brose, kwesbare mense. Dit is die mense wat die meeste uitgelewer is en dus die meeste sorg verdien. So byvoorbeeld sê Steven Liechty dat die Hebreeuse woord vir "weduwee" letterlik "die stil een" of "die een wat nie kan praat nie" beteken. So gelees, verteenwoordig die weduwee in Lukas 18 die mense wat nie 'n stem het in die samelewing nie, wat nie vir hulleself kan praat nie. Ook William Barclay sê dat weduwees simbolies is van almal wat arm en weerloos is. Luke Timothy-Johnson verduidelik dat weduwees, soos in enige patriargale ekonomie, weerloos was. Dit word onderstreep deur al die wette in die Ou Testament wat spesifiek opdrag gee om weduwees te beskerm (bv. Deut. 10:18, 14:29, ens.) en selfs 'n vloek op diegene wat nie reg laat geskied aan weduwees nie (Deut. 27:19). Om reg te laat geskied aan weduwees, was die profete se snelskrif vir verbondstrou (Mal. 3:5, Jes. 1:17, Eseg. 22:7, ens.). Inderdaad, in die woorde van Luise Schottroff, die gelykenis gebruik die voorbeeld van 'n weduwee, want "within the context of biblical tradition, talk of widows conjures up the structural violence of patriarchy and God's partiality for its victims." Die leser / hoorder kan veilig aanneem dat hierdie weduwee alleen was, aangesien sy geen manlike familie gehad het om namens haar op te tree in die hof, soos wat die gebruik was nie (Merz).

Meda Stamper bied egter 'n interessante ander perspektief. Daar word 'n hele paar weduwees genoem in Lukas. Ons kan inderdaad aflei dat hulle weerloos en arm was. Tog is hulle tegelykertyd ook profeties, aktief en getrou. Die weduwee

wat haar laaste muntstuk gee (Luk. 21:3), is arm maar ook 'n model van getroue vrygewigheid. Die eerste weduwee in Lukas is Anna (2:37), 'n profeet wat die goeie nuus van Jesus se geboorte versprei. In sy eerste preek verwys Jesus na die weduwee van Sarfat (Luk 4:26), wat vir Elia versorg het en wie se seun uit die dood opgewek is – iets wat Jesus ook doen vir die weduwee van Nain (7:12).

Ons lees net in die Evangelie van Lukas van hierdie weduwees, soos ook van die weduwee in Lukas 18, wat aktief en kragtig volhard, aandring op geregtigheid totdat sy, per implikasie, ingesluit is by die uitverkorenes van God.

Ter wille van volledigheid is dit goed om Amy-Jill Levine se bydrae te noem. Volgens haar beeld die konvensionele wysheid weduwees as totaal pateties uit. Erger nog, sê Levine, is die feit dat daar geen bronne aangehaal word om te bewys dat weduwees wél weerloos en uitgelewer was nie. Sy haal bronne aan van weduwees wat hofsake aanhangig gemaak het. Uit haar voorbeelde argumenteer sy dat “the Jewish widows we know from legal documents were neither helpless nor cast into the street. The same point holds for widows who were among the followers of Jesus... Some widows no doubt were destitute, but to conclude that widow abuse was the dominant pattern is to overstate the case.” Sy bevraagteken die aanname dat die weduwee in Lukas 18 se saak regverdig was en dat die weduwee noodwendig hulpeloos en uitgebuit was. Die gelykenis is juis verrassend, volgens Levine, omdat die weduwee wraak soek – en per implikasie bereid is om geweld te gebruik om dit te bekom.

Ons weet inderdaad nie wat die saak is waarvoor hierdie weduwee geregtigheid gesoek het nie. Marie Fortune kies om haar klag te interpreteer as dié van 'n vrou wat geweld / mishandeling oorleef het (meer hieroor onder “geregtigheid”).

Regter

N.T. Wright herinner ons dat alle Joodse hofsake in wese siviël was. As iemand van jou steel, maak jy 'n saak teen hulle – jy het nie polisie toe gegaan om dit namens jou te doen nie. Dieselfde geld bv. as iemand 'n familielid van jou vermoor. Elke hofsak was dus 'n geval van 'n regter wat besluit om een party bo 'n ander te “regverdig”, om hul saak te handhaaf.

Barclay, daarenteen, beweer dat hier duidelik nie sprake is van 'n Joodse regter nie. Onder Joodse reg kon een man nie 'n saak besleg nie. Daar was drie regters – een gekies deur die aanklaer, een deur die aangeklaagde en een onafhanklike regter. Die regter wat in Lukas 18 ter sprake is, was dus 'n betaalde amptenaar van die Romeine. Hierdie regters was berug vir hul korrupsie. 'n Klaer wat nie omkoopgeld kon betaal nie, het geen kans op 'n gunstige uitspraak gehad nie.

Geregtigheid

Wat is die “reg” wat die weduwee wou hê? Wright interpreteer dit Paulinies, in die lyn van “justification by faith”. Vir hom beteken dit gewoon dat die regter in die klaer se guns besluit. ἐκδικέω beteken “grant justice, vindicate”. Volgens Johnson is dit 'n regsterm wat beteken om in iemand se guns te besluit, iemand te straf of om wraak te neem. Dit is dieselfde woord wat in die LXX gebruik word om God se vergelding namens regverdige onderdrukte te beskryf (bv. Deut 32:34-38, Ps 17:47).

Levine wys daarop dat “reg” (soos in die Afrikaanse vertaling) nie ἐκδικέω sou wees nie, maar δικαιοσύνη. Sy kies vir “wreek” en wys daarop dat ἐκδικέω algemeen in regs-papiri voorkom, waar dit die konnotasie van regstel of “vindication” het.

Stamper kies weer om die fokus op geregtigheid te laat val, aangesien die konfrontasie blyk te wees tussen die weerlose soeker na geregtigheid en die onregverdige maghebber.

Dit sluit aan by Fortune se keuse vir “vindication”. Aangesien sy kies vir die veronderstelling dat die weduwee geslagsgebaseerde geweld oorleef het, sê sy dat “vindication” bevryding beteken. Dit beteken dat die weduwee vra om vrygespreek te word van stigma deur middel van geregtigheid. Deur te vra om gehoor en geglo te word, vra sy ook om herstel te word in haar plek in die gemeenskap. “The vindication she received was a huge contribution to her healing. We are reminded that there is no healing without justice,” sê Fortune.

Klap

Dit is interessant dat baie van die Engelse vertalings nie die “klap” vertaal nie. Die 2020 Direkte Vertaling vertaal die regter se woorde as: “anders gaan sy my tot aan die einde bly teister”, met 'n voetnoot: “Kan ook vertaal word ‘in die gesig slaan’”.

Die regter dink letterlik dat sy vir hom 'n blou oog kan gee, wat ook 'n metafoor vir skade aan sy reputasie kan wees (Johnson).

Vir Schottroff sê die vrees vir 'n blou oog meer van die regter as van die weduwee. Die weduwee se hardnekkigheid lei daartoe dat die regter haar op seksistiese wyse van geweld beskuldig – die tipiese grap wat 'n magtige teenoor 'n magtelose sal maak. Schottroff verbind die weduwee se optrede aan Walter Wink se “derde weg”, die hardnekkige, nie-gewelddadige weerstand wat onderdrukking aktief teenstaan. Elke vrou wat nie “haar plek ken” nie, bied sodanige weerstand, volgens Schottroff. “We want to break the spell of powerlessness and oppression and act responsibly toward ourselves and others by beginning to assume, where feasible, full responsibility and power. Today that means defying the gender roles that collaborate to support the violent structures of our world. Resisting in everyday life also means taking the seemingly unimportant small steps toward liberation: recognizing violence in language and learning and teaching different speech...”

Uitverkorenes

Lukas verwys na die “uitverkorene” op net een ander plek. In hoofstuk 23:35 word Jesus aan die kruis deur die raadslede gespot as die “die Uitverkorene” (BDV). Stamper trek die lyn treffend: “Then the chosen one on the cross cries out as the chosen ones are said to cry oout here, day and night; it is a different verb in Greek, but the effect is the same... So the chosen one *par excellence*, the one chosen on behalf of all others, gives us perhaps the best picture of God's justice.”

Geloof

Met die eerste oogopslag is Jesus se vraag aan die einde van vers 8 vreemd. Dit wil lyk asof Jesus skielik 'n heel ander rigting inslaan. Brittany Wilson werp lig op hierdie aspek en verbind in die proses (onbedoeld) die teks aan die “wag” van Advent. Die vraag na die geloof wat die Seun van die mens met sy koms sal vind, het te doen met die manier waarop gelowiges wag. Hoe tree ons op wanneer reg nie geskied volgens ons tydlyne nie? Hoe tree ons op terwyl daar nog ongeregtigheid is, terwyl ons nog wag? Die antwoord lê natuurlik in die gelykenis – om op te tree soos die weduwee. “We are not to wait quietly for Jesus' return and

accept our fates in an oppression-ridden world. We are instead to resist injustice with the resolve and constancy of the widow." (Wilson) Gebed is inderdaad nie 'n passiewe aktiwiteit nie, maar 'n aktiewe soeke en strewe na God se wil.

Mag

Fred Nyabera bied 'n sinvolle lens om van kennis te neem in die lig van ons 16 Dae van Aktiwisme teen Geweld teen vroue en kinders. Eerstens bied die teks 'n model van magsmisbruik in die karakter van die regter. Tweedens is daar 'n model van die gebruik van jou mag om ander te bemagtig, wat Nyabera raaksien in vers 6 se verwysing na God. Derdens bied die teks 'n model van onderdrukte wat agente van hul eie bemagtiging word, soos gesien in die karakter van die weduwee.

Merz se gedagtes dien as sinvolle uitbreiding op Nyabera se derde punt, wanneer sy spesifiek praat oor die regering (koninkryk) van God en verwys na die sosiaal gemarginaliseerdes wat aktiewe subjekte word in die realisering van die koninkryk.

Gebed en geregtigheid

Wanneer hierdie perikoop los van die konteks gelees word, met Lukas se redaksionele kommentaar as enigste rigtinggewende invalshoek, word algemeen aanvaar dat hierdie gelykenis oor gebed gaan. Tog laat dit die leser met verskeie vrae. Die punt van die gelykenis is dan dat God juis nié soos die regter is nie.

Beteken dit dat God van gelowiges verwag om aanhoudend, oor en oor te neul oor dieselfde sake? Gaan dit hier om individuele behoeftes wat in gebed na God geneem word?

Die weduwee se volhardende versoeke word inderdaad voorgehou as 'n beeld van gebed. Stamper herinner ons dat Lukas se lesers heelwat gehoor het van gebed. Die evangelie begin met mense wat bid by die tempel. Jesus bid by sy dood en sonder homself op sleutelpunte tydens sy bediening af om te gaan bid. Jesus bid voordat hy gevange geneem word. Hy leer sy volgelingen om te bid vir hul vervolgers. Wanneer sy dissipels vra hoe hulle moet bid, gee hy vir hulle die Ons Vader (11:1-13). Ook daar moedig hy hulle aan om te volhard en te vertrou in God se oerlike getrouheid.

In Lukas 18:1-8, soos ook in 12:22-31, word ons herinner dat God vir ons wil sorg, dat God wil hê dat ons floreer. Daar blyk egter drie dinge te wees wat God vir ons wil

gee: die *Heilige Gees, geregtigheid en die Koninkryk*. Waar ons Lukas 18 kan hoor en mag dink dat God vir ons alles wil gee wat ons harte begeer, is dit nie wat Jesus sê nie.

Hoewel die gelykenis omraam word deur verwysings na gebed en geloof, is die klem in verse 3-8 op geregtigheid. Op die ou end neem die magtige, regverdige God die plek van die onregverdige regter in en sorg dat reg geskied aan die weerlose uitverkorenes wat dag en nag roep om geregtigheid.

Fokus

Ons kan dus sê dat hierdie gelykenis gaan oor gelowig wag op die koninkryk van God, deur aktief en biddend te streef na geregtigheid. Dit bied 'n bemagtigende model vir onderdrukte, terwyl dit die waarde van geregtigheid onder God se regering beklemtoon.

Fortune maak hierdie aktief biddende strewende na geregtigheid prakties deur te vra na die Kerk se respons op geslag-gebaseerde geweld. Sy roep mans op om hulle uit te spreek teen die geweld, om met mekaar daaroor te praat en om te besin oor hul eie bedienings en werke, om maniere te vind om saam met mense wat sulke geweld beleef het, te staan. Sy praat ook oor die manier waarop ons mense glo – of nie glo nie – en hoe ons na hulle luister. Haar idees strek oor veilige ruimtes, beleid en opleiding om uiteindelik die punt te maak dat seksuele geweld 'n realiteit is, ook onder ons, en dat ons daarvoor moet praat.

Konteks

GBV in SA

Saferspaces.org.za gee 'n oorsig oor geslag-gebaseerde geweld in Suid-Afrika. Syfers is byna onmoontlik om te bepaal, veral ook omdat GBV selde gerapporteer word. Tog is dit duidelik dat SA besonder hoë voorvalle van GBV het. Hiervan is "intimate partner violence" – met ander woorde seksuele geweld deur 'n lewensmaat – die hoogste. Hoewel mense van alle genders GBV pleeg of beleef, is mans meer dikwels die oortreders en vroue en kinders meestal die slagoffers. Meer as die helfte van vroue wat in 2009 vermoor is, is deur 'n manlike lewensmaat vermoor. Tussen 25% en 40% van vroue beleef seksuele of fisieke geweld deur 'n lewensmaat in hul leeftyd. Net onder 50% van vroue rapporteer emosionele of

ekonomiese geweld aan die hand van 'n lewensmaat. Volgens skattings meld tussen 12% en 28% van vroue iewers in hul leeftyd verkragting aan. Tussen 28% en 37% van mans rapporteer dat hulle 'n vrou verkrag het. Hoewel seksuele geweld deur iemand anders as 'n lewensmaat baie algemeen is, is rapportering aan die polisie besonder laag. Baie van hierdie verkragtings in SA is bende-verkragtings, waar 'n vrou deur meer as een man verkrag word.

Daar is min studies oor manlike slagoffers van verkragting. Een studie in KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap het gevind dat 9.6% van mans slagoffers van seksuele viktimisering deur 'n ander man was.

Die grendeltyd het hierdie skreiende stand van sake in sterk reliëf geplaas, sodanig dat president Ramaphosa daarna verwys het as "die tweede pandemie" wat Suid-Afrika moet uitwis.

Definisies

Tydens 'n onlangse VBO oor, aangebied deur die VBO-forum, het Lou-Maré Denton die volgende definisie van geslag-gebaseerde geweld gegee [verkort]: "Saferspaces.org gee die volgende definisie: die geweld wat die resultaat is van die normatiewe rol verwagtings wat geassosieer word met elke gender, tesame met die ongelyke magsverhoudinge tussen genders binne die gegewe konteks van 'n spesifieke samelewing. M.a.w hoe ons manwees en vrouwees konstrueer binne ons sosiale omgewing. Sit dit saam met 'n oneweredige magsdinamika waar mans bo en vroue onder is en jy het 'n resep vir geslagsgebaseerde geweld. Dit is kompleks en verweef en is nie net persoonlik nie, maar sluit ook strukturele geweld in.

Geslagsgebaseerde geweld sluit in: verkragting (Meeste verkragting gebeur binne verhoudings, dikwels ook binne die huwelik.); Gesinsgeweld (Domestic violence); Intimate partner violence; Ekonomiese mishandeling; Emosionele, verbale en sielkundige mishandeling; Teistering; Seksuele teistering; Intimidasie; Seksuele misbruik van kinders." (Kyk by saferspaces.org.za vir meer inligting.)

Oorsake

Die mees omvattende studie rondom die oorsake van GBV kan gevind word in 'n artikel deur Rachel Jewkes. Sy bespreek 'n hele aantal oorsake en wys met 'n

illustrasie hoe die verskillende oorsake met mekaar verband hou. Uiteindelik neem sy al die verskillende faktore terug na twee ideologieë, wat aanleiding gee tot GBV, naamlik patriargie en SA se gewelddadige kultuur. As ons dus 'n verskil wil maak aan die skrikwekkende voorkoms van GBV in SA, moet ons ons aandag fokus op die afbreek van patriargie en ons gewelddadige kultuur.

3. GOD NOOI ONS UIT EN ONS KOM TOT RUS

Met die tweede Sondag van Advent is die fokus tradisioneel op Vrede, wat hier liturgies ingewef word.

Toetrede

Lied 178 *Dona nobis pacem* (gesing deur 'n voorsanger, of speel die lied terwyl die gemeente luister. [Hier](#) is 'n heel gepaste video-weergawe. Of gebruik [Jannie du Toit se uiters gepaste weergawe](#), wat ook die Afrikaanse "Gee ons Vrede" sing – en 'n klaggebed uitroep is.)

Votum

(N.a.v. VONKK 166 *Jesaja Het Lank T'rug*)

Jesaja het lank t'rug profeties gesien
wat God vir sy kinders wil hê.

In plaas van die onreg en haat en geweld
sal die wolf by die lammers kom lê – hy sien:
Die wolf sal by lammers kom lê.

Maar steeds sien ons onreg en haat en geweld
waar mense selfsugtig bly leef.

En nes in die tyd van Jesaja van ouds
word die wil van die Here vergeet – ons sien:
Die wil van die Heer word vergeet.

O Here, voltooi nou die werk reeds begin;
bring u wil volkome tot stand.

Laat wysheid en reg in ons harte regeer,
laat u vrede ook kom in ons land – ons bid:
Laat u vrede ook kom in ons land.

Seëngroet

Genade en vrede, van God wat gekom het, weer kom en elke dag in ons lewens kom.

Lofsang

Lied 320 *O kom, o kom, Immanuel*

Lament

(Aangepas uit 'n gebed van 'n vergadering van "ACSA Diocese of Natal and ELCSA Senior Leadership on the practical implications of the Church's call to become God's agents of healing and transformation in a crisis of gender violence. 25th July 2017")

Heilige God, Skepper van ons almal

Wees ons genadig

Jesus Christus, Dienaar van die Armes

Wees ons genadig

Heilige Gees, Asem van ons Lewe

Wees ons genadig

Wanneer kinders geslaan en mishandel word

Here Jesus, dan word u Liggaam gebreek

Wanneer vroue verkrag word

Here Jesus, dan word u Liggaam gebreek

Wanneer mense swaarkry en in pyn is

Here Jesus, dan word u Liggaam gebreek

Wanneer ons harde harte verhoed dat ons omgee

Here Jesus, daarom het u aan die kruis gesterf

Wanneer ons vrees keer dat ons praat teen ongeregtheid

Here Jesus, daarom het u aan die kruis gesterf

Skuldbelydenis

(Dieselfde bron as bogenoemde)

Ons liefdevolle God, ons bely dat ons te dikwels nie daarin geslaag het om u Kerk te wees nie.

Ons het verlam gevoel

toe die tyd gevra het vir daad van moed en medelye.

Apatie, onkunde,
 vooroordeel en vrees het ons stil gehou,
 toe ons met oortuiging moes praat,
 toe ons alle vorme van geslagsgebaseerde geweld moes veroordeel,
 in ons huise en in ons geloofsgemeenskap.
 Ons het vroue, mans en kinders geïgnoreer en alleen gelaat
 in hul pyn en lyding.
 Deur ons stilte het ons geslagsgebaseerde geweld goedgekeur.
 Ons erken dat ons u Woord te dikwels geïnterpreteer het
 op maniere wat huishoudelike geweld geregverdig en selfs aangemoedig het.
 Ons bely dat ons dikwels die laaste hoop was
 vir slagoffers van verkragting of gesinsgeweld,
 en ons het die hoop weerhou.
 Hulle het na ons toe gekom vir medelye
 en in plaas daarvan verwerping ontvang.

Vergewe wat verby is
 En wys ons 'n nuwe manier om u Kerk, u kinders, u volk te wees.

Genadeverkondiging

Ons dra die gevolge van wat ons doen,
 maar ons word nie veroordeel nie.
 Ons hoop is in God, wat alle dinge nuut maak.
 Hoor die goeie nuus, en glo dit:
 Ons sonde is vergewe.

Geloofsbelydenis en aansteek van Adventkerse

(Aangepas uit: Anglican Diocese of Natal, Advent 2017 "BECOMING LOVING COMMUNITIES"
 Resource Pack for Clergy and Lay Ministers Responding to the 16 Days Campaign for No Violence
 Against Women and Children, and World AIDS Day)

Leser 1:

Ons loof u en dank u,
 Skeppergod,
 omdat u ons mans en vroue saam skep
 om u beeld te dra en lewe en hoop in die wêreld te bring.

Ons loof ons u deur te sê

Heilig, heilig ...

Leser 2:

Ons dank u vir Jesus van Nasaret

wat kos en salwing van vroue ontvang het.

Ons dank u vir Jesus

wat vroue genooi het om verkondigers en genesers te wees,

wat 'n vrou geroep het om die eerste apostel te wees.

Ons dank u vir Jesus

wat fees vier saam met uitgeworpenes,

waardigheid gee aan die veragtes en eensames bevriend.

Leser 3:

Kom, Heilige Gees.

Soos wat u in Maria die inkarnasie van God gebring het,

bring die inkarnasie van God in ons lewens, in ons wêreld.

Transformeer ons, sodat ons een liggaam kan wees,

wat leef op 'n manier wat u heerskappy reflekteer.

Al drie – terwyl eerste twee Adventkerse aangesteek word:

Deur Christus, met Christus, in Christus,

tot in ewigheid, Amen.

4. GOD PRAAT MET ONS EN ONS LUISTER

Gebed

(Dit kan goed werk as 'n tienermeisie hierdie gebed doen)

Skriflesing

Lukas 18:1-8 (gedoen deur 'n voorleser)

Inleiding

Kinders is goed bekend met die onderwerp van onreg. Hulle voel dikwels verontreg deurdat hulle uitgesluit word, minder kry of anders behandel word omdat hulle jonger is. Jy kan maklik by hierdie ervaring aansluit en dan met hulle gesels oor boelies en hoe ons optree wanneer ons geboelie word of sien hoe ander geboelie word. "Say Something" deur Peggy Moss is die storie van 'n meisie wat sien hoe ander gespot word, maar niks doen nie, totdat sy self geboelie word. Jy kan die [kindle weergawe](#) kry en die prente op 'n skerm wys terwyl jy dit in jou eie woorde en taal lees. Of wys 'n video-weergawe soos [hierdie een](#).

5. PREEK

[Ek stel een moontlike preeklyn voor, op grond van die eksegetiese opmerkings. Daar is inderdaad verskeie ander lyne moontlik met dieselfde inligting.]

Roep om geregtigheid

Op 29 Maart 2020 plaas 'n baie bekende Suid-Afrikaanse geleerde 'n publieke uitroep op haar Facebook blad. Hierdie vrou is al vir jare lank een van die top gerekende persone wanneer dit kom by navorsing oor en werk teen geslag-gebaseerde geweld. Op haar Facebook blad vertel sy hoe die eerste dag van inperking vir haar familie absolute hel was, nadat 'n 77-jarige vroulike familielid deur 'n manlike familielid geslaan is. Aangesien die geleerde vrou se familie ver van haar af woon – in 'n heel ander provinsie – het sy onmiddellik nadat sy van die voorval gehoor het, die GBV-noodnommer wat die staat voorsien het, gebel. Die persoon wat geantwoord het, het gesê dat een van die ander, nader familieledes moet bel, sodat hulle die oproep kon spoor en iemand stuur om op te volg. Toe die nadere familielid dieselfde nommer bel, word daar vir haar gesê om 10111 te bel.

Terwyl die familie by die hospitaal was, het die geleerde vrou haar familie se plaaslike polisiestasie verskeie kere gebel, want sy was steeds bekommerd oor die ouer familielid se veiligheid. Ten spyte van verskeie pogings kon sy nooit deurkom na die polisiestasie nie.

Van die familie moes die dag in die hospitaal spandeer, waar die ouer familielid behandel is vir onder andere 'n gebreekte been. Hulle het uiteindelik teen 3 uur die middag by die polisiestasie uitgekom, waar hulle ingelig is dat 'n polisieoffisier

na hul huis sal kom om 'n verklaring af te neem. Die offisier het teen 7:30 die aand daar aangekom en sommer oor die heining met een van die mans gepraat, nie eers gevra om met die vrou wat aangerand is of die een wat die saak probeer lê het, te praat nie. Die offisier het gesê dat daar nie 'n klag gelê kan word sonder 'n J88-vorm nie. Hulle moes teruggaan polisie toe, die vorm kry, dit hospitaal toe vat vir die dokter om in te vul en dit dan weer by die polisie afgee. Dit, terwyl die vrou in pyn, op krukke, van publieke vervoer gebruik maak.

Uiteindelik, 'n dag later, na verskeie pogings van verskeie familielede, kon hulle 'n lid van hul uitgebreide familie, ook 'n polisie-offisier, kry om te help. Hierna gaan 'n ander polisie offisier na die huis om die aanrander "ernstig te waarsku". Dit het die saak vererger en aanleiding gegee tot nóg geweld.

Uit magteloosheid en desperaatheid wend hierdie geleerde vrou, iemand wat 'n mens sou dink toegang het tot die beste bronne, gewapen met alle moontlike kennis, haar tot Facebook. Uiteindelik, na 'n massiewe kollektiewe uitroep op Facebook, het die polisie die geweldenaar arresteer.

'n Mens is skoon moeg en moedeloos net van luister na die storie! Tog is dit so ontstellend bekend, ontstellend algemeen. In ons land het ons 'n oorfloed van verhale van vroue wat onreg beleef, wat hulp soek, maar nie gehoor word nie. Vroue wat 'n mens laat dink aan die weduwee in vandag se Skriflesing.

Regter

Hierdie gelykenis is 'n goeie voorbeeld van iemand met ekstreme mag aan die een kant, teenoor iemand wat magteloos en benadeeld is aan die ander kant. Dit bied 'n duidelike prentjie van hoe onreg dikwels sistemies raak. Hoe dit nie net 'n individu is wat die onreg pleeg nie, maar hoe dit deursypel en alles besoedel, sodat die verontregte nie geregtigheid kan kry nie.

Hier vertel Jesus van 'n regter – iemand wat die vermoë het om te sorg dat reg geskied. Iemand wat kan sorg dat weerlose, onderdrukte mense se stemme gehoor kan word. Maar iemand wat self so korrup raak, dat hy nie meer die stem van brose mense kan hoor nie. Dat dit op die ou end nie meer gaan oor die reg nie, maar oor sy eie voordeel en sy eie beeld.

Ons ken sulke ongeregtigheid maar al te goed. Waar in ons wêreld sien jy dit oral? In ons land? Sisteme wat onreg laat floreer, wat sommige onderdruk tot voordeel van ander.

Wanneer ons dink aan geweld teen vroue, dan is hierdie sisteme van onreg nog helderder, soos 'n regter wat geen eerbied vir God of agting vir mense het nie. Dink maar net hoe moeilik dit vir 'n vrou is om mense te kry om haar te glo as sy aangeval is. Hoe die onus dikwels op slagoffers rus om te bewys dat dít wat hulle aangedoen is, geweld was. Dink aan al die maniere waarop sy bevraagteken word, beskuldig word dat sy aandadig – self skuldig – is aan die geweld wat teen haar gepleeg is. “Is jy seker dis wat gebeur het? Wat het jy aangehad? Waar was jy? Wat het jy gedoen om hom uit te lok? Hoekom is jy nie onderdanig nie?” Soos 'n regter met geen agting vir mense nie, word vroue blameer vir die geweld wat teen hulle gepleeg word. Word hulle beskaam, bloot omdat hulle aangerand is, asof die skande hulle s'n is, eerder as die misdadige gewelddoener wat haar aangerand het. Dis geen wonder dat die meeste gevalle van geslag-gebaseerde geweld glad nie eers aangemeld word nie. Wanneer dit wel aangemeld word, eindig dit bitter selde in skuldigbevindings.

Weduwee

Dan is daar in Jesus se gelykenis ook 'n weduwee. 'n Vrou wat na alle waarskynlikheid arm was, uitgelewer. Sy het niemand gehad om vir haar in die bres te tree nie, niemand om namens haar haar saak voor die regter te pleit nie. Ons weet nie wat die onreg is waarvoor sy geregtigheid soek nie. Wie weet, dalk was sy self die slagoffer van geslag-gebaseerde geweld, hetsy fisies, seksueel of ekonomies.

Nou sal 'n mens verwag dat hierdie weduwee haar darem mooi sal gedra. Jy weet, volgens die sosiale reëls van haar tyd. Dat sy nie sal skree nie. Dat sy nie sal neul nie. Dat sy nie so knaend sal wees nie, maar dat sy ordentlik sal optree, soos dit 'n vrou – 'n weduwee! – betaam.

Maar nie die vrou in Jesus se gelykenis nie. Nee. Van hierdie “ordentlikheid” wat verwag dat sy stilbly en haar lot gedweë aanvaar, is daar nie 'n sweempie nie. Sy weier om stil te bly. Weier om “nee” as 'n antwoord te aanvaar. Sy is dapper, moedig. Sy kom aanmekeer terug. Dring daarop aan om raakgesien te word,

menswaardig behandel te word. Sy dring aan op haar regte, dat die reg sal geskied, ook in haar geval. Sy gaan nie die blaam aanvaar nie. Sy gaan nie die onreg sommer laat verbygaan nie. Sy is 'n agent in haar eie bevryding.

Kan jy jou indink in hoe hierdie weduwee moes voel? Om keer op keer weggewys te word, sonder dat reg geskied.

Dalk is dit hoe ons voel, elke keer wat ons lees van onreg en korrupsie. Wanneer ons sien hoe mense hul mag misbruik. Wanneer ons magteloos toekyk hoe die mees kwesbare mense ly onder maghebbers se korrupsie. Dalk is dit hoe jy voel wanneer jy lees van nóg 'n kind wat verkrag is. Nóg 'n vrou wat vermoor is deur haar intieme lewensmaat. Elke. Enkele. Dag. Dag na dag na dag lees ons van hierdie stories van geweld in ons samelewing, maar daar is so min tekens van geregtigheid.

Tog, in Jesus se gelykenis gee die weduwee nie op nie. Sy hou aan om dapper te volhard, aan te drink op geregtigheid. Totdat die regter half teësinnig en sarkasties bres gee. En geregtigheid seëvier.

Wag en bid

Nou wat maak ons hiermee, in Suid-Afrika, te midde van die 16 dae van aktivisme teen geweld teen vroue en kinders?

Ons is in Advent, die tyd van wag. Ons wag op Kersfees, die viering van Christus se koms na die aarde. Maar ons kyk ook vooruit, na sy finale wederkoms. Intussen wag ons, soek ons tekens van die deurbreek van God se heerskappy hier op aarde.

Wag is nie passief nie. Wag is 'n aktiewe besig wees. Terwyl ons wag, doen ons twee dinge:

Die eerste ding is eintlik voor die hand liggend, maar ook die een wat ons dikwels nalaat: ons bid. Soos die weduwee vat ons hierdie onreg, ook die onreg wat in ons land teen vroue gepleeg word, na God toe. Want gebed is nie net leë woorde nie. In hierdie geval ken ons die Regter en weet ons dat hierdie Regter regverdig is.

Maar nou weet julle dat hulle sê ons bid omdat dit óns verander. Ook gebed is nie passief nie. Terwyl ons bid, maak die Gees ons oë oop vir die onreg om ons;

inspireer die Gees ons om te werk vir geregtigheid en gee die Gees ons die moed en die krag om dit te dóén.

Dan is dit die tweede ding wat ons doen: ons streef na geregtigheid. Ons gebruik alles in ons vermoë om seker te maak dat reg geskied. Soms is ons in die posisie van die regter en kan ons werklike sistemiese verskille maak. Dikwels is ons in die posisie van die weduwee en voel ons eintlik magteloos en uitgelewer. Maar soos die weduwee kan ons aanhou terugkom, aanhou praat, ons aanhou beywer.

Wat sal dit vir jou beteken? Dis byvoorbeeld belangrik dat mans hulle sal uitspreek teen geweld, met mekaar daarvoor sal praat en sal besin oor hul eie lewens, om maniere te vind om saam met mense wat sulke geweld beleef het, te staan. Om te dink oor hoe jy oor vroue praat, wat die grappies is wat jy maak, hoe jy vroue behandel. Ons almal moet dink hoe ons veilige ruimtes kan wees en skep, deur bv. vroue te glo wanneer hulle vertel wat geweld wat hulle aangedoen is.

Kan ons die verontregte weduwee as ons inspirasie neem? Dis ons uitdaging vandag: om gelowig te wag op die koninkryk van God, deur aktief en biddend te streef na geregtigheid.

Hoe gaan jy dit doen?

6. GOD STUUR ONS OM TE LEEF

Voorbidding

(Aangepas vanaf <https://strongwomenwrite.wordpress.com/2016/02/23/prayers-for-survivors-a-liturgie-in-protest-of-sexual-violence/>)

Regverdige Here

In 'n wêreld wat nie tyd het vir ander se pyn nie,
glo ons dat U tyd het.

In 'n wêreld wat mense te maklik minag,
glo ons dat U omgee.

Binne instansies wat stadig is om te help,
glo ons dat U gou wil help.

Regverdige God, U is ons eerste en laaste uitweg.

Ons bid vir troos en vrede –
mag ons dit vind en dit bring.

Here, hoor ons gebed.

Ons bid vir krag en moed –
mag ons dit vind en dit bring.

Here, hoor ons gebed.

Ons bid om geregtigheid en genesing –
mag ons dit vind en ons daarvoor beywer.

Here, hoor ons gebed.

Ons bid om medelydende advokate –
mag ons hulle vind en hulle wees.

Here, hoor ons gebed.

Ons bid vir mense wat onverskrokke die waarheid praat –
mag ons hulle ondersteun en hulle wees.

Here, hoor ons gebed.

Ons bid vir persoonlike en institusionele transformasie.

Here, hoor ons gebed.

Ons bid vir.... (stil gebed)

Here, hoor ons gebed.

Amen

Dankoffer

Die veronderstelling is dat dankoffers weens Covid by die deure opgeneem word. Herinner die gemeente daaraan en gebruik die tyd as 'n tyd vir verbintenis. Nooi die gemeente om te dink hoe hulle kan reageer, wat hulle prakties kan doen om aktief biddend te wees in die soeke na geregtigheid in die stryd teen geslag-gebaseerde geweld.

Slotsang

Lied 284 *Laat, Heer, u vrede deur my vloei* ([Hier is 'n pragtige video](#) van die Engelse weergawe van hierdie gebed.)

Seën

(Aangepaste weergawe van seën van St Francis van Assisi)

Mag die Here jou seën met ongemak oor maklike antwoorde, halwe waarhede en oppervlakkige verhoudings, sodat jy uit die diepte van jou hart kan leef.

Mag die Here jou seën met woede oor onreg, onderdrukking en geweld teen vroue en kinders, sodat jy aktief biddend kan werk vir geregtigheid, vryheid en vrede.

Mag die Here jou seën met tranes om te stort vir mense wat pyn, verwerping, geweld en onderdrukking ervaar, sodat jy 'n hand kan uitreik om reg te laat geskied.

En mag God jou seën met genoeg dwaasheid om te glo dat jy 'n verskil kan maak in hierdie wêreld, sodat jy dinge sal kan doen wat ander mense dink nie gedoen kan word nie.

Amen.

Respons

Lied 178 *Dona nobis pacem*

7. GERAADPLEEGDE BRONNE

(n.d.). Retrieved from Saferspaces: <https://www.saferspaces.org.za/>

Barclay, W. (2001). *The Gospel of Luke*. Edinburgh: Saint Andrew Press.

Fortune, M. (2018, April 8). *Kings, Queens, and #MeToo: A Sermon for Sexual Assault Awareness Month*. Retrieved from Faithtrustinstitute.org:
<https://www.faithtrustinstitute.org/blog/marie-fortune/263/?searchterm=None>

Jewkes, R. (2002, April 20). Intimate partner violence: causes and prevention. *The Lancet*, pp. 1423-1429.

Johnson, L. T. (1991). *The Gospel of Luke*. Collegeville: The Liturgical Press.

Levine, A.-J. (2014). *Short Stories by Jesus*. New York: HarperOne.

Liechty, S. (2013, Oktober 19). *To Speak and Be Heard*. Retrieved from
https://www.ucc.org/feed-your-spirit_weekly-seeds_to-speak-and-be-heard

Merz, A. (2007). How a Woman who Fought Back and Demanded her Rights Became an Importunate Widow: The Transformations of a Parable of Jesus. In T. Holmén, *Jesus from Judaism to Christianity: Continuum Approaches to the Historical Jesus* (pp. 49-86). London: T&T Clark.

- Nyabera, F. (2007). Crying for Justice. In F. Nyabera, & T. Montgomery, *Contextual Bible Study Manual on Gender-Based Violence* (pp. 60-61). Nairobi: FECCLAHA.
- Smith, S. (2020, November 20). *From our heads to our hearts - a call to prayer in action*. Retrieved from <https://churchos-uploads.s3.amazonaws.com/2020/06/09/14/18/28/36a8e71a-3988-4ad3-9a66-f477d44c3d55/Final%20sermon%20Luke%2018.pdf>
- Stamper, M. (2013, Oktober 20). *Commentary on Luke 18:1-8*. Retrieved from Working Preacher: <https://www.workingpreacher.org/commentaries/revised-common-lectionary/ordinary-29-3/commentary-on-luke-181-8-3>
- Sxhottroff, L. (1995). *Lydia's Impatient Sisters - A Feminist Social History of Early Christianity*. Louisville: Westminster John Knox Press.
- Wilson, B. E. (2019, Oktober 20). *Commentary on Luke 18:1-8*. Retrieved from workingpreacher.org: <https://www.workingpreacher.org/commentaries/revised-common-lectionary/ordinary-29-3/commentary-on-luke-181-8-4>
- Wright, N. (2004). *Luke for Everyone*. Louisville: Westminster John Knox Press.